

Saterdag 24 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-9	Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-6 (1983-vertaling)
--------------------------------------	---

Volhardend vorentoe!

Petrus, die segsman van die lewende Here, is aan die woord. Hy rig hom met woorde van waarheid en hoop en verwagting tot nietig-gelowiges wat nie langer meer kans sien vir die prys wat hulle “vreemdelingskap” van hulle vra nie. Moeilike dae en moeilike omstandighede. Verstoot en verag. Uitgesluit omdat hulle ingesluit was in God se plan.

Vir diesulkes en vir jóú, Petrusbrief-woorde wat ’n mens inspireer om te volhard. Om in die lewe enduit aan te hou. Om elke 1 Petrus 1:3-9 vers mooi te lees. Elke sin is lewegewend. Maar met onverdeelde aandag te waardeer wat in vers 3-5 geopenbaar word. Vir vreemdelingmense in hierdie ou wêreld die *tel-jou-kop-op-boodskap* te bring van die “ander” lewe, die nuwe lewe, die nie net aan hierdie aarde-gebonde lewe wat die eerste Petrusbrief-lesers – en jý moet hoor wat as geskenk jou deel geword het en wat in die tyd en anderkant die tyd dit die moeite werd maak om te volhard: JESUS CHRISTUS HET UIT DIE DOOD OPGESTAAN!

Die lewende Jesus wat in die tyd ’n lewende hoop bewerk. ’n Reeds verdiende, onbesmette en onverganklike erfenis. Anderkant die tyd die volheid van die ewigheid. Ek waag die hede en die toekoms saam met God wat die onmoontlike moontlik maak.

Die almagtige God hou my in sy beskerming. Volhardend vorentoe, want ekself en my erfenis is in veilige bewaring. En aan die einde van die tyd ontvang jy wat God in Christus belowe het. Die komende oordeel hou vir my geen vrees in nie. Ook nie die veroordeling en seerkry en eina-merke van die hede laat my tou opgooi nie. Inteendeel ... Volhardend vorentoe. Singend, dankend, lofseggend ondanks die baie keer se sukkelgang van die stukkende hede:

“Ja, wanneer die Here kom,
Dan word ék gelyk aan hom”

En tot dan:

“Maar my lewe uit God gebore,
Is tot heilig-wees verkore!” (Skrifb. 2-4:2, 3)

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)